CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

*Junie 2016 No. 71*

**INHOUD:**

1. BESTUUR VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE.
2. **CANOLA SIMPOSIA 2016**
3. **CANOLA OPBRENGSKOMPETISIE 2016**
4. 6th International Biofumigation Symposium

**BESTUUR VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE.**

Chris Cumming – PNS Konsultant

Onkruiddoderweerstand, een van die grootste en toenemende beperkings in kontantgewas verbouing in die Wes-Kaap "KAN" bestuur word. Die basis van hierdie stelling lê in die begrip SAADBANKBESTUUR.

Hoe gaan ons te werk om hierdie beginsel in werking te stel?

1) Verlaag die onkruiddruk in ons lande.

2) Verhoed dat onkruide saad stort om die saadbank aan te vul.

Makliker gesê as gedaan? Nie noodwendig nie. As ons ernstig is om die probleem te bowe te kom, sal ons besef dat die strategie prioriteit moet geniet. In al ons bestuursbesluite moet onkruide as vyand nr.1 op ons plase beskou word.



Figuur 1: Raaigras met weerstand teen gramzone (Groep D)

Ek wil produsente uitdaag om my "3 YEAR CHALLENGE" te aanvaar en hulself oortuig oor die meriete van die stellings hierbo gemaak. Hoekom 3 jaar? Want dit word deur die kundiges beskou as die kiemkragtige leeftyd van raaigras saad. Raaigras bly die belangrikste van die onkruiddoder weerstandbiedende onkruide.

Die uitdaging werk so. Kies `n probleem kamp (een met `n hoë grasdruk wat miskien ook weerstandsprobleme het).

Verbind jouself om vir die volgende 3 jaar daardie kamp so te bestuur:

- Pas wisselbou toe op hierdie kamp
- Vestig gewasse waarin jy weet jy die onkruide doeltreffend kan beheer, ongeag die koste
- Wissel chemie af met produkte anders as wat jy in die verlede gebruik het
- Vestig `n kompeterende, aktiefgroeiende gewas wat later ontkiemende onkruide doeltreffend kan onderdruk
- Oorweeg gewasse vir weiding of kuilvoer (bv. hawer) waarin jy met `pasture topping`, doodspuit of afsny kan verhoed dat raaigrassaad ryp word
- In die koring jaar, plaas die fynkaf komponent tydens stroop in`n nou baan en brand hierdie fynkafry met `n warm vuur in die herfs. Dit kan `n groot persentasie van onkruidsade vernietig terwyl net 10% van die land gebrand word en die meeste oesreste dus steeds behoue bly.
- Hou die wenakkers en lyndrade skoon van onkruid wat saad kan stort
- Indien moontlik, pas `n voorsaai bespuiting toe. Plant die kamp later as dit nie vroeg gereën het nie.
- Indien canola in die wisselboustelsel gebruik word, oorweeg `n volle oppervlakte trifluralien bespuiting wat met `n skotteleg of tandbewerking ingewerk word. (Ek weet dat dit indruis teen die beginsels van bewaringsboerdery, maar wat is die grootste euwel – weerstandbiedende raaigras of `n eenmalige grondbewerking ?) Benut hierdie kans om kalk toe te dien of `n ploegbank op te hef.
- Praat met `n kundige om die beste moontlike wisselboustelsel, wat jou boerderypraktyke pas, te gebruik.

Natuurlik moet jy die onkruiddruk op die kamp met die aanvang van die 3 jaar kan vergelyk met die eindresultaat. Ek kan jou die versekering gee – jy gaan baie aangenaam verras wees as dit reg uitgevoer word.

Kan ek eindig met `n persoonlike ondervinding van `n besoek na Wes-Australië ? Ek was op besoek aan plase in die Northam area om met produsente te praat oor hulle eie praktyke om weerstand te bekamp. By een plaas aangekom, kry ons die boer besig om `n land met koring van so om en by die 4 tot 5 blaarstadium, te bespuit. Ek het aanvaar hy doen `n swambespuiting want daar was nie onkruide te sien nie. Toe ek hom vra wat hy spuit, antwoord hy dat hy besig is om glifosaat te spuit. Ek het amper op my rug geval, maar vra hom toe, hoekom spuit hy glifosaat ? Hy antwoord dat die raaigrasdruk op die land te hoog is, en dat hy eerder die huidige koringoes sal verloor as om vir die volgende klomp jare van vooraf weer teen raaigras te moet baklei. Toe ek nader kyk, sien en daar is wel raaigras, een plantjie elke 10 tot 15 treë uitmekaar uit!

Ek vra myself af – wanneer sal ek ooit in produsent in die Wes-Kaap sien wat raaigras so ernstig opneem. Seker nie in my leeftyd nie!




# Canola simposia 2016

André Agenbag,

Die voordele van canola in wisselbou met graangewasse is vry algemeen bekend. Nogtans is baie produsente huiwerig om canola te verbou weens lae en wisselvallige opbrengste wat dikwels behaal word en wat veroorsaak dat die verbouing van canola nie so winsgewind is as koring en/of gars nie. Dit is dus baie belangrik dat produsente toegerus moet word met kundigheid om konstant hoër opbrengste met canola te behaal. Om hierdie rede word twee simposiums vir 2016 beplan met die tema **"Growing a 5-ton canola crop".** Hierdie simposiums word deur die Proteïennavorsingstigting (PNS) aangebied en wel op:

**19 Julie 2016: ABSA SAAL, MEGAPARK, BREDASDORP**

**20 Julie 2016: KRONENBURG LANDGOED, PAARL**

Onderwerpe wat bespreek sal word sluit die bestuur van oesreste, plantmetodes, en bemesting van canola, asook doelwitte met canolateling en internasionale markte en markontwikkeling in. Inligting oor die praktiese bestuur van hoog produserende canolastande op plaasvlak sal ook verskaf word. Die volgende internasionale en nasionale sprekers sal optree:

**1. Dr John Kirkegaard,**

Hoof Navorsingswetenskaplike (CSIRO Agriculture, Canberra, Australia)

**2. Rob Wilson,**

Canola Markontwikkelingsbestuurder en canolateler (DuPontPioneer, Australia),

**3. Rick Horbury,**

Tegniese adviseur (Bayer CropScience, Australia)

**4. Prof Ferdi Meyer,**

Direkteur (Bureau for Food and Agricultural Policy, Pretoria, South Africa).

Besoek gerus ook die webbladsy van die Proteïennavorsingstigting by www.proteinresearch.net vir die volledige program onder die hofie "canola: coming events".

Hierdie simposiums beloof om van groot waarde vir canolaprodusente te wees en moet nie misgeloop word nie.

**Registreer nou aanlyn:**

http://www.myconference.co.za/canola/canolaprogramme.html

Navrae kan gerig word aan:

Ansu Coditz

e-pos ansuc@millenniumtravel.co.za

# CANOLA OPBRENGSKOMPETISIE 2016

Na 'n baie suksesvolle kompetisie gedurende 2015, het die Proteiennavorsingstigting (PNS) besluit om die kompetisie gedurende 2016 met enkele klein veranderings voort te sit.

Die doel van die **PNS Canola opbrengskompetisie** is om canola produsente aan te spoor om te streef na hoër graanopbrengste. Daarom sal die produsent wat gedurende die 2016 seisoen die hoogste canola graanopbrengs per hektaar behaal, beloon word met 'n kontantprys van R25 000. 'n Wenner sal vir elk van die Swartland en Suidkaap produksiegebiede aangewys word. Slegs canola wat sonder enige besproeiing verbou word sal kwalifiseer. Die grootte van die ingeskrewe kamp/land moet nie kleiner as 15 hektaar en verkieslik nie groter as 50 hektaar wees en 'n erkende canola (*Brassica napus*) cultivar moet verbou word.

Hierdie kompetisie bied ook geleendhede aan insetverskaffers in die canola bedryf om hulself te adverteer deurdat maatskappye/landboubesighede hulself aan spesifieke deelnemers kan verbind deur produksiemiddels soos saad, bemestingstowwe, plaagdoders ensovoorts van deelnemende produsente te borg of as tegniese adviseur vir die produsent op te tree.

Inskrywings vir die 2016-kompetisie open op **1 Julie 2016**. Inskrywing moet elektronies aanlyn geskied op die webbladsy van die PNS by *www.proteinresearch.net* en besonderhede rakende die reëls van die kompetisie asook die inskrywingsvorms is op genoemde webbladsy beskikbaar. **Inskrywings sluit vanjaar op 31 Augustus 2016 en aangesien daar vir die 2016 seisoen slegs 15 inskrywings vir elk van die Swartland en Suidkaap produksiegebiede toegelaat sal word is dit egter belangrik dat voornemende deelnemers so gou moontlik moet inskryf.**



**Meer inligting kan ook verkry word deur André Agenbag te skakel by 082 2215944**

# 6th International Biofumigation Symposium

**25 - 27 July 2016**

**Spier Wine Estate and Conference Venue**

**Stellenbosch, South Africa**

Biofumigation plays an integral role in an holistic approach to managing soil-borne diseases, nematodes and weeds. Make use of this opportunity to meet with experts in the research field and to gain knowledge on the practical application of Biofumigation on the farm.

This meeting is aimed at researchers, farmers, technical advisors and all stakeholders in theagricultural and food supply industry. Delegates will have the options to register either for the 3-day combined package (scientific plus practical days) or only for the practical day.

**Register at:**

**www.biofumigation2016.co.za**

Presenters are:

**SOUTH AFRICA**

**Niel Kruger**
InteliGro: Agricultural Distribution Company

**Sheila Storey**
Nematologist: Nemlab

**INTERNATIONAL**

1. **Dr John Kirkegaard**

   Chief Research Scientist: CSIRO, Australia

2. **Dr Matthew Back**

   Senior Lecturer/Researcher: Centre for Integrated Pest Management (CIPM), England

3. **Dale Gies**

   High Performance Seed, USA

4. **Dr Luca Lazzeri**

   Council for Agricultural Research and Economics. Research Centre for Industrial Crops. CREA-CIN Bologna (Italy)

5. **Dr Vincent Michel**

   Phytopathologist: Institute for Plant Production Science, Switzerland

**Navrae:** Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com

**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer & Prof A Agenbag

***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION